

## UITTREKSEL

### Die Laksman se dogter

deur Gerda Taljaard

My ouers is twee weke lank vir hulle hoeveelste “tweede wittebrood” Margate toe, want oom Dave was nie die enigste man met wie Ma my pa verneuk het nie.

Ek is aan my susters en ouma Kriel se genade oorgelaat.

Ouma Kriel het met twee blou koffers, ’n bruin papiersak vol wol, ’n blik suiglekkers en ’n haarsproeiwalm by die spaarkamer ingetrek en gesorg dat ons vir daardie veertien dae “uit die kwaad bly”. Onder haar toesig moes ons die hond se hok skoonmaak, onkruid uittrek, mure was en – die ergste van alles – bedsokkies hekel.

“Julle weet wat kom van sit en staan,” het sy gesê.

Sy het oneetbare kos gekook: doodgekookte groente, papegekookte rys en smaaklose bredie. Sy het vir ons elkeen ’n rok uit dieselfde materiaal gemaak sodat ons soos die Von Trapps gelyk het. Dit was so al of sy perverse genot uit ons halfkaal lywe put wanneer ons daar in gelid in ons bra’s en panties moes staan, en sy met haar koue hande en ’n maatband aan ons meet en pas onderwyl sy sing “die een ou spook was vet en die ander ou spook was maer”.

Wanneer sy agter Ma se Bernina gesit het, het sy vertel hoe hard sy as kind gewerk het en dat harde werk niemand nog ooit kwaad gedoen het nie. “Waarom dink julle het jul pa sy sukses te danke? Beslis nie van handjies vou nie ...”

Sy was lank stil, en ek het geweet wat daardie stilte beteken en wat daarna sou volg: “Hy word ook so verniel, die arme man, maar wat het hy ook verwag van so ’n mooi vrou?”

“My ma werk ook baie hard, Ouma,” het ek vir Ma probeer opkom.

“Op my senuwees, ja,” het Ouma gesê en die geblomde materiaal vinnig onder die naaimasjien se voetjie deurgestoot.

Een nag het ek van maagpyn wakker geword, en toe ek my bedlampie aanknip om badkamer toe te gaan, het ek die bloedvlekke op my laken gesien. Dit het soos ’n boodskap in ’n geheime skrif gelyk, in helder rooi ink geskryf. Een of ander verdoemende Bybelse tyding wat deur God se vinger geverf is.

Ek het ’n bad vol water getap, my lakens daarin gegooi en die bloed met Sunlightseep uitgevryf.

Heel bo uit die badkamerkas het ek een van Ma se sanitêre doekies gehaal. Ek het besluit om net vir ouma Kriel daarvan te vertel, beslis nie vir Celia en Lauretta nie, maar hulle moes dit op een of ander manier uitgevind het, want die volgende middag het hulle my van die pangaman vertel wat jong, bloeiende maagde doodkap.

“En weet jy wat,” het Celia gesê, “hy kan ’n meisie wat haar period het myle ver uitsnuffel – soos ’n hiëna wat bloed ruik.” Haar gesig was doodernstig. “Dan kom hy agter jou aan, so met sy neus teen die grond, deur strate en parke tot by jou huis waar jy in jou bed lê, en kap en kap hy jou met sy panga.” Sy het haar skouers opgehaal. “Gelukkig menstrueer jy mos nog nie, en hoef jy nie te worrie nie.”

Daardie aand het ek vir Freddie, ons Weimaraner, by my in die kamer laat slaap. Ek was nie seker of ek my susters moes glo nie, maar ek hét al van die pangaman gehoor. Pa het my van hom vertel, en Pa het nie sommer gejok nie.

Baie stil het ek gelê en luister of ek voetstappe kon hoor. Daar was net die geluid van krieke en die veraf geblaf van honde. Buitendien sou Freddie te kere gaan as iemand by my kamervenster of -deur inbreek. Ek het op my rug gedraai en na die watervlek teen die plafon gekyk: dit het net soos Margaret Thatcher se profiel gelyk, kompleet met ’n blomkoolhaarstyl en overbite.

Ek het die lig afgesit en probeer om die Onse Vader in Italiaans op te sê, maar soos altyd wanneer ek iets uit my kop moes leer, het die woorde soos waterverf deurmekaar geloop. Padre nostro, che sei nei, cieli ... rimetti a noi i nostri debiti ... Elke keer moes ek weer van voor af begin tot ek eindelijk aan die slaap geraak het.

Toe droom ek hoe die witstinkhoutboompie langs ons hek voor my oë groter en groter word, hoe sy stam swel en sy takke krakend opskiet. Hoe sy wortels met 'n geruis deur die aarde versprei tot hy groter as ons huis was. Hy het hom met 'n geknars uit die grond losgemaak en met swaaiende takke en swaar moddervoete na die huis gestap en oor ons dak gebuig. Hy het nie op ons huis geval nie, hy het net so daar bly hang.

Oor die jare sou ek dit herhaaldelik droom – kort voor Ma se dood, toe ek my werk by Wits verloor het, met my egskeiding, toe my dogter se drug dealer 'n mes teen my keel gedruk het, en veral toe Pa vermoor is.

Soms sou die boom die huis heeltemal verpletter, en het ek gedroom hoe die polisie ons lyke een vir een uit die huis dra en langs mekaar op die grasperk neerlê. Eers vir Ma, dan vir Pa, daarna my susters en ek. Ons almal bloubleek en starend.

Ander kere sou die boom ons huis net-net mis, of het hy dreigend bokant my gehang waar ek in my bed lê, sy stam die ene krioelende miere. Partymaal het ek dit sommer helder oordag voor my sien afspeel, of bloot die gevoel gekry dat wanneer ek van die werk of van-waar-ook-al kom, my huis verwoes sou wees.